Verslag oor die Nasionale matriekuitslae. 2021.

012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
www.skole.co.za

Inhoud

Tabelle 3
Grafieke 3
Voorwoord 4
Inleiding en bedankings 5
Oorsig oor die nasionale matriekuitslae 6
Opsomming van die nasionale slaagsyfer van 2012 tot 2021 6
Provinsiale slaagsyfer: 2016 teenoor 2021 7
Twee jaar van nasionale in(grype)perke 7
Die Nasionale deurvloeisyfer vanaf Graad 1 tot Graad 12 8
Opsomming van nasionale toelating tot verdere studie: 2012 tot 2021 8
Slaagsyfer en toelating tot verdere studie per provinsie: 2021 9
Wiskundige vakke se prestasie 9
Wiskunde 10
Wiskundige Geletterdheid 10
Tegniese Wiskunde 10
Ander kernvakke 10
Rekeningkunde 11
Geskiedenis 11
Ekonomie 11
Besigheidstudies 11
Geografie 11
Afrikaanse skole gemeet teen nasionale syfers 12
Definisie van Afrikaanse skole soos in die verslag gebruik: 12
Vergelyking van die nasionale slaagsyfer met dié van Afrikaanse skole 12
Die uitsakkoers nasionaal en in Afrikaanse skole 12
Vergelyking van slaagsyfer 12
Vergelyking tussen B-graadtoelating van Afrikaanse skole en die nasionale uitslae 13
Vergelyking s tussen Afrikaanse enkel- en dubbel-/ parallelmediumskole 13
Nasionale Wiskunde-prestasie teenoor dié van Afrikaanse skole 13
Top 10-skole met hoogste persentasie Wiskunde-kandidate 15
Nasionale Fisiese wetenskappe prestasie teenoor van Afrikaanse skole 16
Nasionale Lewenswetenskappe prestasie teenoor dié van Afrikaans skole 17
Afrikaans Huistaal prestasie 17
Top 20-lyste: Dié skole gee die pas aan 19
Samevatting 42
Aanbevelings 43

Bronne 44

Tabelle

Tabel 1: Nasionale slaagsyfer 2012 tot 2021 6
Tabel 2: Provinsiale slaagsyfer: 2016 tot 2021 7
Tabel 3: Opsomming van nasionale toelating tot verdere studie: 2012 tot 2021 8
Tabel 4: Slaagsyfer en toelating tot verdere studie per provinsie: 2021 9
Tabel 5: Wiskunde-slaagsyfer: 2014 tot 2021 9
Tabel 6: Prestasie van Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde 10
Tabel 7: Prestasies in kernvakke 10
Tabel 8: Vergelyking van die nasionale Slaagsyfer met dié van Afrikaanse skole 12
Tabel 9: Vergelyking tussen nasionale syfers en Afrikaanse skole se uitsakkoers 12
Tabel 10: Vergelyking van Slaagsyfers van 2020 en 2021 12
Tabel 11: Vergelyking tussen B-graadtoelating van Afrikaanse skole en die nasionale uitslae 2021 13
Tabel 12: Vergelyking tussen Afrikaanse enkelmedium en dubbel-/ parallelmediumskole 13
Tabel 13: Nasionale Wiskunde-prestasie teenoor dié van Afrikaanse skole 13
Tabel 14: Nasionale Wiskundige vakke se ratio teenoor Afrikaanse skole 14
Tabel 15: Vergelyking in resultate van Wiskundige vakke in Afrikaanse skole 14
Tabel 16: Top 10-skole met hoogste persentasie Wiskunde-kandidate 15
Tabel 17: Nasionale Fisiese wetenskappe prestasie teenoor van Afrikaanse skole 16
Tabel 18: Nasionale Lewenswetenskappe prestasie teenoor dié van Afrikaans skole 17
Tabel 19: Prestasie van Afrikaans Huistaal 2018 - 2021 17
Tabel 20: Vergelyking van die slaagsyfer in die vyf grootste huistale 18

Grafieke

Grafiek 1: Nasionale slaagsyfer: 2012 tot 2021 6
Grafiek 2: Opsomming van nasionale toelating tot verdere studie: 2012 tot 2021 9
Grafiek 3: Wiskunde slaagsyfer nasionaal teenoor dié van Afrikaanse skole 16

Voorwoord

Die afgelope 2 jaar het onderwysers, ouers en leerders van die grootste uitdagings in hulle onderskeie professionele- en skoolloopbane ervaar. Alhoewel die meeste Afrikaanse skole met kontakonderrig voortgegaan het in 2021, het heelwat leerders, ouers en onderwysers siek geword. Kontakonderrig is gereeld hierdeur ontwrig, en dit het baie onsekerheid veroorsaak. Ten spyte hiervan het Matrikulante van 2021 verantwoordelikheid vir hulle studies geneem, en geleer om selfgerig te werk. Dit is vaardighede wat hulle goed voorberei vir tersiêre studies en die uitdagings van die digitale era.

Onderwysers het 'n nuwe ritme begin kry deur tegnologie en aanlyn leer effektief in te span. Hulle het veral deursettingsvermoë en veerkragtigheid gewys om seker te maak dat leerders nie onderrigtyd verloor nie. Daarvoor sê ons dankie, ons sien dit raak. Ons is dankbaar vir onderwysers wat nie vir uitdagings terugstaan nie, en seker maak dat ons leerders steeds die beste moontlike onderrig ontvang.

In hierdie verslag gee ons erkenning aan die Afrikaanse skole en leerders vir hulle besonderse bydrae tot die land se matriekuitslae; ons wys op die belangrikheid van moedertaalonderrig; ons ontleed prestasies en tekortkominge en kyk krities na gehalte van onderrig.

Baie geluk aan elke Matrikulant van 2021, en in die besonder die Afrikaanse leerders met julle uitsonderlike prestasies en gesamentlike slaagsyfer van 84,9%. Ons hoop dat julle 'n groot bydrae sal lewer tot die ekonomie en ontwikkeling van 'n voorspoedige Suid-Afrika, en dat julle jul plek globaal sal volstaan in 'n toenemende veranderende wêreld.

Baie dankie aan die Departement van Basiese Onderwys (DBO) wat die data aan ons beskikbaar gestel het om hierdie verslag moontlik te maak en aan elke SOS-spanlid vir nog 'n uitstaande verslag.

Leon Fourie
Uitvoerende hoof
Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS)

Inleiding en bedankings

Die SOS bestudeer reeds sedert 2015 die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-uitslae – met spesiale fokus op die resultate van Afrikaanse skole. Die bevindings word jaarliks in ŉ verslag weergegee. Ons gee erkenning aan Afrikaanse skole vir die uitstekende werk wat hulle doen.

In 2021 behaal Afrikaanse skole ŉ slaagsyfer van **84,9**% wat 8,5% hoër is as die nasionale gemiddeld. Nie alleenlik dit nie, maar Afrikaanse skole is verantwoordelik vir **1 928 (24,9%) van die 7 725** onderskeidings wat in Wiskunde behaal word en **1 739 (25%)** onderskeidings van die totale onderskeidings in Fisiese Wetenskappe.

Die SOS het vanjaar ŉ meer omvattende verslag as in die verlede saamgestel. Byvoegings in hierdie verslag, sluit in:

- ŉ uitgebreide verwysing na Tegniese Wiskunde
- die uitsakkoers van leerders in hul matriekjaar
- vergelykings tussen Afrikaanse enkelmedium- en dubbel-/ parallelmediumskole
- vergelyking van Wiskunde- en Wiskundige Geletterdheidsyfers
- skole met die hoogste persentasie Wiskunde-kandidate
- ŉ uitgebreide vergelyking van nasionale uitslae en Afrikaanse skole se prestasies

Die Top 20-lyste fokus op twee areas, nl. die skole met die meeste onderskeidings en skole met die meeste onderskeidings per kandidaat wat die vak neem. By eersgenoemde, staan groter skole ŉ beter kans om die lyste te haal. By laasgenoemde is die speelveld egter gelyk.

Weens die geweldige toename in kleiner privaat skole wat syfers soms skeef trek, verskyn slegs skole met ten minste 15 kandidate per vak op die Top-20 lyste. Voorheen het die SOS-verslag ook die skole se vakpersentasies aangedui. Alhoewel die data direk vanaf die DBO ontvang is, het talle skole in die verlede aangedui dat hul vakgemiddeldes daarvan verskil. Daarom word vakpersentasies nie vanjaar aangedui nie.

Vanjaar inkorporeer ons die SOS se Afrikaanse skolesyfer-verslag se data om ŉ oorsig te gee van hoe enkelmediumskole presteer in vergelyking met dubbel- en parallelmediumskole. Volgens die verslag is daar 1 303 Afrikaanse enkelmediumskole in Suid-Afrika. Uit hierdie enkelmediumskole het 230 skole, wat 24 024 kandidate verteenwoordig, die DBO se NSS-eksamen geskryf. Hulle resultate word in Tabel 12 weergegee.

Die SOS speel ŉ groot rol in onderrig deur middel van ons 14 verenigings wat uitstekende hulpbronne en gehalte-opleiding bied. Ons hoop om vanjaar by te dra tot ŉ kopskuif in Afrikaanse onderwys deur verskeie landwye opleidingsessies om prikkelende debat uit te lok. Ons wil skoolbesture uitnooi om aan hierdie kopskuif-gesprekke deel te neem..

Mag u en u skool op ŉ goeie plek wees in 2022!

Groete

Hugo Vermeulen

Hoof van Opleiding: Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS)

Oorsig oor die nasionale matriekuitslae

Opsomming van die nasionale slaagsyfer van 2012 tot 2021

Tabel 1: Nasionale slaagsyfer 2012 tot 2021

		Slaag		Druip	
	Kandidate geskryf	**Getal kandidate**	**Persentasie**	**Getal kandidate**	**Persentasie**
2012	511 152	377 829	73,9%	133 323	36,1%
2013	562 112	439 779	78,2%	122 333	21,8%
2014	532 860	403 874	75,8%	128 986	24,2%
2015	644 536	455 825	70,7%	188 711	29,3%
2016	610 178	442 672	72,5%	167 506	27,5%
2017	534 484	401 435	75,1%	133 049	24,9%
2018	512 735	400 761	78,2%	111 974	21,8%
2019	504 303	409 906	81,3%	94 397	18.7%
2020	578 468	440 702	76,2%	137 766	23,8%
2021	704 021	537 687	76,4%	166 334	23,6%

'n Rekordgetal van 704 021 kandidate skryf in 2021 die DBO se Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen. Dit is opmerklik dat die getal kandidate wat nie opdaag vir die eksamen nie, vanjaar minder is. Ons sien dat 29 177 (3,98%) kandidate wat in Januarie 2021 vir die NSS-eksamen registreer, nie opdaag vir die eksamen nie, teenoor 74 165 (12,8%) kandidate in 2020.

Ten spyte van baie uitdagings die afgelope twee jaar, is die nasionale slaagsyfer van 76,4% baie naby aan dié van 2020 en moet die matriekklas van 2021 geluk gewens word met hul goeie prestasie.



Grafiek 1: Nasionale slaagsyfer: 2012 tot 2021

Provinsiale slaagsyfer: 2016 teenoor 2021

Tabel 2: Provinsiale slaagsyfer: 2016 tot 2021

Provinsie	% Slaag					
	2016	**2017**	**2018**	**2019**	**2020**	**2021**
Gauteng	85.1	85.1	87.9	87.2	83,7	82,8
KwaZulu-Natal-Natal	66.4	72.9	76.2	81.3	77,6	76,8
Limpopo	62.5	65.6	69.4	73.2	68,2	66,7
Mpumalanga	77.1	74.8	79.0	80.3	73,7	73,6
Noordwes	82.5	79.4	81.1	86.8	76,2	78,2
Noord-Kaap	78.7	75.6	73.3	76.5	66,0	71,4
Oos-Kaap	59.3	65.0	70.6	76.5	68,1	73,0
Vrystaat	88.2	86.1	87.5	88.4	85,1	85,7
Wes-Kaap	85.9	82.8	81.5	82.3	79,8	81,2
Nasionaal	72.5	75.1	78.2	81.3	**76,2**	**76,4**

Vyf van die nege provinsies presteer beter in 2021 as in 2020. Die Noord-Kaap en die Oos-Kaap het die grootste verbetering getoon. Sedert 2016 is dit opmerklik dat die top provinsies, naamlik Gauteng, Vrystaat en die Wes-Kaap, nie dieselfde stygende lyn van prestasie toon nie.

Twee jaar van nasionale in(grype)perke

Die nasionale ramptoestand en Covid-19-maatreëls het 'n wesenlike impak op 2021 se matrieks gehad. Twee jaar van onderbroke onderrig, roterende roosters, gekanselleerde eksamens, aanpassings aan die kurrikulum en beurtkrag op die koop toe, het ongekende uitdagings aan onderwysers en leerders gestel. Hoe daar op hierdie uitdagings gereageer is, maak egter die wêreld se verskil in matrieks se uitslae. Ten spyte van verlore onderrigtyd en uitdagings, is die nasionale slaagsyfer vanjaar 76,4%. Dit is laer as die 81,3% in 2019, maar effens beter as die slaagsyfer van 76,2% in 2020.

Volgens die Raad vir Gehalteversekering in Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding (UMALUSI) was daar 'n merkbare verbetering in die gehalte van vraestelle. Nietemin is byna helfte van die vakke (28) se punte opwaarts aangepas. Dit werp ongelukkig 'n skadu oor die beter as verwagte slaagsyfer. Aanpassing van punte en lae slaagvereistes, laat die slaagsyfer beter vertoon as wat dit in werklikheid is. Baie leerders slaag dus matriek, en kry selfs universiteitstoelating, sonder die nodige kennis en akademiese onderbou om tersiêre studies suksesvol aan te pak.

Hierdie aanpassings vind in blokke plaas sodat die normaalverdeling van die resultate verbeter kan word. Dit beteken dat leerders wat goeie resultate behaal se punte soms nie aangepas word nie, maar leerders met laer punte word drasties bevoordeel. Die leerders wat goeie resultate behaal het, het dus die punte verwerf onder moeilike omstandighede en boonop 'n vraestel geskryf wat gesien word as abnormaal moeilik. Die harde werk van suksesvolle leerders en toewyding van goeie onderwysers, verdien die hoogste lof.

Suid-Afrika se openbare onderwys huisves duidelik twee uiteenlopende stelsels in een. Ongeveer 10% van skole presteer uitnemend en handhaaf slaagsyfers digby 100%, maar in 72% van die skole gaan leerders steeds net nou-en-dan skool en maande se onderrigtyd gaan so verlore.

Die Nasionale deurvloeisyfer vanaf Graad 1 tot Graad 12

Hoewel die slaagsyfer van skole in Suid-Afrika stadigaan verbeter, is die deurvloeisyfer van Graad 1 tot matriek 'n bron van kommer. In 2010 was daar 1 116 899 leerders in Graad 1, waarvan daar 733 746 geregistreer het om die NSS te skryf. Van hierdie groep kandidate daag daar 704 021 kandidate vir die NSS op en slegs 537 687 slaag. Die deurvloeisyfer vir suksesvolle kandidate vanaf Graad 1 tot matriek is gevolglik net 48,1%

Alhoewel die deurvloeisyfer hoër is as die 41,1% wat in 2020 bereken is, is dit steeds kommerwekkend dat so min leerders hulle skoolloopbane binne die voorgeskrewe 12 jaar voltooi.
Graad 1: 2010 – 1 077 502
Graad 12 (ingeskryf): 2021 – 733 746 (83,4%)
Graad 12 (eksamen geskryf): 2021 – 704 021(63,0%)
Graad 12 (geslaag): 2021 – 537 687 (48,1%)
Geslaag met B-graadtoelating 2021 - 256 031 (23, 8%)
Graad geslaag (binne vier jaar) – 64 008 (5,6%)*

*Syfer gebaseer op Solidariteit Helpende Hand Studiefondssentrum (SFS) se verslag oor Tersiêre studies.

Opsomming van nasionale toelating tot verdere studie: 2012 tot 2021

Tabel 3: Opsomming van nasionale toelating tot verdere studie: 2012 tot 2021

		Toelating tot Hoër Sertifikaat		Toelating tot Diploma		Toelating tot B-graad	
Jaar	**Getal kandidate**	**Getal kandidate**	**%**	**Getal kandidate**	**%**	**Getal kandidate**	**%**
2012	511 152	88 604	17,3	152 881	29,9	136 047	26,6
2013	562 112	94 556	16,8	173 292	30,8	171 755	30,6
2014	532 860	86 022	16,1	166 689	31,3	150 752	28,3
2015	644 536	105 770	16,4	183 720	28,5	166 263	25,8
2016	610 178	100 486	16,5	179 619	29,4	162 374	26,6
2017	534 484	86 265	16,1	161 333	30,2	153 610	28,0
2018	511 750	86 616	16,9	141 447	27,6	171 787	33,6
2019	504 303	78 984	15,7	144 762	28,7	186 058	36,9
2020	578 468	79 117	13,7	150 600	26,0	210 820	36,4
2021	704 021	103 859	14,8	177 572	25,2	256 031	36,4

In 2021 is daar slegs 104 kandidate wat die NSS slaag, maar nie toelating tot verdere studie kry nie. Toelatingsvereistes is in 2018 verlaag om meer kandidate toegang te gee tot tersiêre studies. Dit is veral toelating tot B-graadstudies se vereistes wat verander het. Gevolglik kry toenemend meer kandidate met met hoë verwagtinge, maar ontoereikende kennis en vaardighede, toegang tot graadstudies – met groot koste vir hulself en die universiteit. Die probleem word vererger deur die verwagting van gratis tersiêre opleiding wat deur NSFAS geskep word. NSFAS het in 2021 hul beurse vermeerder tot R42 miljard per jaar.

Daar is sedert 2018 nie meer aangewese vakke wat leerders moet neem vir toelating tot B-graadstudies nie – alle vakke dra dieselfde gewig. 'n Gevolglik neem kandidate toenemend makliker vakke ten koste van moeiliker, welvaartskeppende vakke, soos Wiskunde en Fisiese Wetenskappe.



Grafiek 2: Opsomming van nasionale toelating tot verdere studie: 2012 tot 2021

Slaagsyfer en toelating tot verdere studie per provinsie: 2021

Tabel 4: Slaagsyfer en toelating tot verdere studie per provinsie: 2021

Provinsie	Getal geskryf	Slaag %	% B-Graad	% Diploma	% Hoër Sertifikaat
Gauteng	127 523	82,8%	43,8%	26,8%	12,1%
KwaZulu-Natal	166 570	76,9%	37,1%	25,3%	14,4%
Limpopo	105 101	66,7%	26,7%	22,4%	17,6%
Mpumalanga	66 756	73,6%	31,5%	25,4%	16,7%
Noordwes	41 081	78,2%	33,8%	26,3%	18,2%
Noord-Kaap	12 726	71,4%	30,3%	24,5%	16,6%
Oos-Kaap	91 500	73,0%	34,3%	24,5%	14,2%
Vrystaat	35 055	85,7%	39,9%	30,9%	14,8%
Wes-Kaap	57 709	81,2%	45,3%	23,6%	12,3%
Nasionaal	**704 021**	**76,4%**	**36,4%**	**25,2%**	**14,8%**

Die Wes-Kaap en Gauteng het die meeste B-graadtoelatings met 45,3% en 43,8% onderskeidelik. Limpopo het die kleinste persentasie leerders wat toegang kry tot B-graadstudie.

Wiskundige vakke se prestasie

Tabel 5: Wiskunde-slaagsyfer: 2014 tot 2021

Jaar	Getal kandidate geskryf	Getal wat Wiskunde neem	%	Geslaag	%	Onder-skeidings	%
2014	532 860	225 458	42,3%	120 523	53,5%	7 216	3,2%
2015	644 536	263 903	40,9%	129 481	49,1%	7 791	3,0%
2016	610 178	265 810	43,6%	135 958	51,1%	8 070	3,0%

2017	534 484	245 103	45,9%	127 197	51,9%	6 726	2,7%
2018	512 735	233 858	45,6%	135 638	58,0%	5 820	2,5%
2019	504 303	222 034	44,0%	121 179	54,6%	4 415	2,0%
2020	578 468	233 315	40,4%	125 526	53,8%	7 424	3,2%
2021	704 021	259 143	36,3%	149 177	57,6%	7 725	3,0%

Wiskunde

Alhoewel daar in 2021 aansienlik meer Wiskunde-kandidate is, het die groep slegs 301 meer onderskeidings as in 2020 opgelewer. Die stagnering in getal onderskeidings dui daarop dat daar ruimte is vir verbetering in kandidate se basiese vaardighede en begrippe, ten einde toepassing en hoërorde denke te verdiep.

Sedert 2018 is daar 'n afwaartse neiging waarneembaar in die persentasie kandidate wat Wiskunde neem. Dit is 'n neiging wat selfs meer opmerklik is in Afrikaanse skole en kan toegeskryf word aan die verandering in vereistes vir B-graad toelating, wat in 2018 gemaak is.

Tabel 6: Prestasie van Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde

2021	Getal kandidate geskryf	%	Getal geslaag	%	Getal onderskeidings	%
Wiskunde	259 143	36,3%	149 177	57,6%	7 725	3,0%
Wiskundige Geletterdheid	441 067	61,8%	328 382	74,5%	10 005	2,3%
Tegniese Wiskunde	13 403	1,9%	8 060	60,1%	81	<0,1%

Wiskundige Geletterdheid

Daar is toenemend meer kandidate wat Wiskundige Geletterdheid neem, met die aanname dat dit 'n makliker uitkoms vir leerders bied. Die doel van Wiskundige Geletterdheid en Wiskunde stem egter nie ooreen nie. Die doel van Wiskundige Geletterdheid is om die leerder toe te rus met praktiese gesyferdheid en die toepassing van wiskundige realiteite in die alledaagse lewe. Alhoewel die waarde van Wiskundige Geletterdheid nie onderskat moet word nie, moet die skuif van Wiskunde na Wiskundige Geletterdheid met groot omsigtigheid hanteer word. Wiskunde is steeds 'n sleutelvak om toegang te kry tot grade en tersiêre kwalifikasies wat hoog in aanvraag is in die arbeidsmark.

Tegniese Wiskunde

Die slaagsyfer vir Tegniese Wiskunde het vanaf 2020 verbeter van 32,4% na 60,1% in 2021, maar die persentasie onderskeidings het beduidend afgeneem. Van die 13 403 leerders wat Tegniese Wiskunde geskryf het, het slegs 81 onderskeidings behaal. Die afwaartse aanpassings wat in 2021 deur UMALUSI gemaak is, plaas die DBO se hantering van die vak onder verdenking.

Ander kernvakke

Tabel 7: Prestasies in kernvakke

		Rekeningkunde	Geskiedenis	Ekonomie	Besigheidstudies	Geografie
2019	Geskryf	80 110	164 729	107 940	186 840	271 807
	Geslaag	62 796	148 271	74 796	132 571	218 821
	Onderskeidings	3 248	8 702	1 014	2 321	2 752
	%-Geslaag	78,4	90,0	69,3	71,0	80,5
	%-Onderskeidings	4,1	5,3	0,9	1,2	1,0
2020	Geskryf	92 767	173 498	118 484	207 045	287 629
	Geslaag	70 014	159 737	81 536	161 224	216 467
	Onderskeidings	5 777	10 935	1 533	8 069	2 755
	%-Geslaag	75,5	92,1	68,8	77,9	75,3
	%-Onderskeidings	6,2	6,3	1,3	3,9	1,0
2021	Geskryf	105 894	227 448	139 191	243 843	358 655
	Geslaag	79 093	203 473	94 479	196 233	266 402
	Onderskeidings	6 571	12 887	1 646	13 052	1 911
	%-Geslaag	74,7	89,5	67,9	80,5	74,3
	%-Onderskeidings	6,2	5,7	1,2	5,4	0,5

Rekeningkunde

Die Rekeningkunde-resultate is effens laer as in die verlede met 74,7% kandidate wat die vak slaag, maar die persentasie onderskeidings is steeds hoog met 6 571 (6,2%) kandidate wat 'n onderskeiding behaal.

Geskiedenis

Die slaagsyfer vir Geskiedenis het vanjaar met byna 3% gedaal tot 89,5% wat die vak slaag.

Ekonomie

Die slaagsyfer vir Ekonomie neig die afgelope paar jaar stadig afwaarts en in 2021 slaag 67,9% van die kandidate die vak en behaal 1 646 (1,2%) kandidate 'n onderskeiding.

Besigheidstudies

Na problematiese uitslae in Besigheidstudies in die verlede, veral in Afrikaanse skole, is dit verblydend dat slaagsyfers en onderskeidings vir 'n tweede agtereenvolgende jaar nasionaal verbeter. Die slaagsyfer het sedert 2019 met byna 10% verbeter en in 2021 slaag 80,5% van die kandidate die vak. Die persentasie onderskeidings het ook aansienlik verbeter vanaf 1,2% in 2019 tot 5,4% in 2021.

Geografie

Danksy 'n reuse toename in leerders wat Geografie neem, lewer 2021 'n rekordgetal kandidate op. Die groep vermeerder met 24% vanaf 2020 tot 358 655 Geografie kandidate. Ten spyte hiervan, word min onderskeidings verwerf. Slegs 0,5% van kandidate behaal 'n onderskeiding, wat beteken die getal onderskeidings het gehalveer vanaf 2020.

Afrikaanse skole gemeet teen nasionale syfers

Definisie van Afrikaanse skole soos in die verslag gebruik:

Vir die doeleindes van hierdie verslag word alle skole wat Afrikaans Huistaal as skoolvak aanbied, as Afrikaanse skole beskou. Dit sluit dus alle Afrikaans enkelmedium-, parallelmedium- en dubbelmediumskole in. Dit sluit ook Engelse skole in waar Afrikaans Huistaal aangebied word.

Vergelyking van die nasionale slaagsyfer met dié van Afrikaanse skole

Tabel 8: Vergelyking van die nasionale Slaagsyfer met dié van Afrikaanse skole

	2021				
	Slaagsyfer	Getal skole	Getal geskryf	Getal geslaag	Gemiddelde getal kandidate per skool
Nasionaal	76,4%	6 861	704 021	537 687	107
Afrikaanse skole	84,9%	686	75 338	63 988	113

Volgens die NSS-verslae het 686 skole in 2021 Afrikaans Huistaal aangebied. Dit verteenwoordig 75 338 kandidate wat in 2021 matriek geskryf het. . Hierdie Afrikaanse skole verteenwoordig 10% van die totale getal skole wat die DBO se eksamen skryf. Die positiewe invloed van moedertaalonderrig op prestasie, word bevestig deur die feit dat Afrikaanse skole 'n slaagsyfer van 84,9% behaal; 8,5% hoër as die nasionale gemiddeld.

Alhoewel daar in 2021 sewe minder Afrikaanse skole is as in 2020, is daar 'n styging in die getal Afrikaanse kandidate wat die matriekeksamen in 2021 geskryf het. Afrikaanse skole is groter as ander skole, met gemiddeld 113 kandidate per skool teenoor die nasionale gemiddeld van 107 per skool.

Die uitsakkoers nasionaal en in Afrikaanse skole

Tabel 9: Vergelyking tussen nasionale syfers en Afrikaanse skole se uitsakkoers

	Getal ingeskryf	Getal geskryf	Getal verlore kandidate 2021	% Verlore kandidate 2021
Nasionale skole	733 540	704 021	29 177	3,98%
Afrikaanse skole	77 331	75 338	1 993	2,58%

Nasionaal en in Afrikaanse skole is daar leerders wat vorder tot in Graad 12, registreer vir die NNS en dan nie die finale eksamen skryf nie. Daar is 1,4% minder kandidate wat uitval in Afrikaanse skole, as in ander skole.

Vergelyking van slaagsyfer

Tabel 10: Vergelyking van Slaagsyfers van 2020 en 2021

	Slaagsyfer 2020	**Slaagsyfer 2021**
Nasionaal	76,2	76,4

Afrikaanse skole	82,2	84,9

Die nasionale Slaagsyfer is vanjaar 0,2% hoër as in 2020, terwyl die Slaagsyfer vir Afrikaanse skole dit steeds reggekry het om 'n slaagsyfer van meer as 80% te handhaaf. Afrikaanse skole se slaagsyfer in 2021 is 2,7% hoër as in 2020, toe die groep skole 'n slaagsyfer van 82,2% behaal het.

Vergelyking tussen B-graadtoelating van Afrikaanse skole en die nasionale uitslae

Tabel 11: Vergelyking tussen B-graadtoelating van Afrikaanse skole en die nasionale uitslae 2021

	Getal geskryf	**Getal kandidate met B-graad toelating**	**Persentasie B-graad toelating**
Nasionale skole	704 021	256 031	36,4%
Afrikaanse skole	75 338	37 453	58,2%

Die kans om toelating te kry tot verdere studies, veral B-graadstudies, is baie groter in Afrikaanse skole. Nasionaal kry 36,4% van die suksesvolle kandidate toelating tot B-graadstudies. Inn teenstelling hiermee kry 58,2% kandidate in Afrikaanse skole toelating tot B-graadstudies.

Vergelyking s tussen Afrikaanse enkel- en dubbel-/ parallelmediumskole

Tabel 12: Vergelyking tussen Afrikaanse enkelmedium en dubbel-/ parallelmediumskole

	2021				
	Slaag-persentasie	Getal skole	Getal geskryf	Getal geslaag	Gemiddelde getal kandidate per skool
Nasionaal	76,4	6 861	704 021	537 687	102
Afrikaanse skole	84,9	686	75 338	63 988	113
Afrikaanse Enkelmediumskole[1]	86,6	230	24 024	20 823	107
Afrikaanse Dubbel- en parallelmediumskole	84,1	458	51 535	43 354	116

Die slaagsyfer van Afrikaanse enkelmediumskole is 86,6%. Dit is 2,5% hoër is as die gemiddeld van Afrikaanse dubbel- en parallelmediumskole. Hieruit is dit duidelik dat moedertaalonderrig beslis 'n positiewe uitwerking op akademiese prestasie het.

Nasionale Wiskunde-prestasie teenoor dié van Afrikaanse skole

Tabel 13: Nasionale Wiskunde-prestasie teenoor dié van Afrikaanse skole

	Nasionale skole	**Afrikaanse skole**

[1] Sien die verslag se Inleiding vir meer inligting

Jaar	Getal Kandidate	Getal onderskeidings	Persentasie kandidate met onderskeidings	Getal Kandidate	Getal onderskeidings	Persentasie kandidate met onderskeidings
2016	242 571	5 494	2,3	23 239	2 576	11,1
2017	218 596	4 735	2,0	26 507	1 991	7,5
2018	211 039	4 114	1,9	22 819	1 706	7,5
2019	222 034	4 415	2,0	22 306	1 417	6,5
2020	233 315	7 424	3,2	21 204	2 106	9,9
2021	259 143	7 725	3,0	20 654	1 928	9,6

Afrikaanse kandidate presteer vanjaar uitstekend in Wiskunde met 9,6% wat 'n onderskeiding in die vak behaal. Dit is drie maal meer as die nasionale gemiddeld van 3,0%. Afrikaanse kandidate behaal 1 928 (24,9%) van die 7 725 onderskeidings vir die vak. Die prestasie is merkwaardig, aangesien kandidate in Afrikaanse skole slegs 8% van die totale Wiskunde-kandidate in die land is. Soos te sien in die volgende tabel is Afrikaanse Wiskunde-kandidate egter onderverteenwoordig in die groep wat Wiskunde neem.

Tabel 14: Nasionale Wiskundige vakke se ratio teenoor Afrikaanse skole

	Nasionaal			**Afrikaanse skole**		
	Wiskunde	Wiskundige Geletterdheid	Tegniese Wiskunde	Wiskunde	Wiskundige Geletterdheid	Tegniese Wiskunde
2017	45,9	58,6	NVT	37,3	62,7	NVT
2018	45,6	57,4	2,0	34,1	65,9	NVT
2019	42,0	57,0	1,0	31,0	65,0	4,0
2020	40,0	58,0	2,0	29,0	67,0	4,0
2021	36,3	61,8	1,9	26,8	71,0	2,2

Ons sien die afgelope vier jaar 'n konstante daling in die persentasie leerders wat Wiskunde neem. Die daling is selfs groter in Afrikaanse skole. In 2021 het slegs 26,8% van die Afrikaanse kandidate Wiskunde geneem, in teenstelling met die nasionale gemiddeld van 36,3%.

Tabel 15: Vergelyking in resultate van Wiskundige vakke in Afrikaanse skole

2021	**Getal leerders in Afrikaanse skole**	**Getal kandidate geskryf**	**%**	**Getal geslaag**	**%**	**Getal onderskeidings**	**%**
Wiskunde	75 338	20 654	26,8	16 900	81,8	1 928	9,6
Wiskundige Geletterdheid	75 338	53 515	71,0	45 013	84,1	3 276	6,1
Tegniese Wiskunde	75 338	2 715	2,2	1 867	68,8	13	<0,1

Kandidate in Afrikaanse skole wat wel Wiskunde neem, presteer baie beter en behaal meer

onderskeidings in Wiskunde as die nasionale gemiddeld. Die slaagsyfer van Wiskundige Geletterdheid in Afrikaanse skole is baie hoog, met 3 276 (84,1%) wat die vak slaag. Die persentasie onderskeidings behaal, is egter laer as dié van Wiskunde. Tegniese Wiskunde blyk om 'n uitdaging te wees, met 68,8% kandidate wat slaag en slegs 13 (<0,1%) onderskeidings.

Top 10-skole met hoogste persentasie Wiskunde-kandidate

Tabel 16: Top 10-skole met hoogste persentasie Wiskunde-kandidate

Skoolnaam	Getal Wiskunde-kandidate	% Wiskunde-kandidate
Hoër Meisieskool Bloemhof	121	85.2
Herschel Girls' School	83	83.0
Paul Roos Gimnasium	192	77.4
Hoër Meisieskool Paarl	97	75.8
Gereformeerde Skool Dirk Postma	20	74.1
Hoërskool Menlopark	217	73.8
Afrikaanse Hoër Seunskool	194	72.1
Hoërskool Ferrum	137	72.1
Hoër Jongenskool Paarl	123	71.1
Hoërskool Parel Vallei	161	67.1
Afrikaanse Hoër Meisieskool	163	65.5

Skole wat hul leerders aanmoedig om Wiskunde te neem, en kandidate ondersteun om boonop uitstekende uitslae te behaal, verdien die hoogste lof. Bostaande skole het almal goeie prestasies verwerf en steeds 'n meerderheid Wiskunde-kandidate gehad. Van die 670 Afrikaanse skole wat Wiskunde aanbied het slegs 58 (8,7%) meer Wiskunde-kandidate as Wiskundige Geletterdheid kandidate. Daar bestaan kommer dat sommige skole leerders aanmoedig om Wiskunde vir Wiskundige Geletterdheid te verruil, ter wille van 'n beter Slaagsyfer of meer onderskeidings. Vakke soos Wiskunde gee leerders nie net toegang tot 'n wye reeks studierigtings nie, maar ontwikkel ook noodsaaklike vaardighede soos kritiese denke, kreatiwiteit en deursettingsvermoë – boustene vir sukses in verdere studies en die werkplek van die toekoms.



Grafiek 3: Wiskunde slaagsyfer nasionaal teenoor dié van Afrikaanse skole

Wanneer daar 'n ontleding gedoen word van die Wiskunde-gemiddelde op nasionale vlak, sowel as in Afrikaanse skole kan die verskil wat moedertaalonderrig meebring duidelik gesien word. In skole nasionaal behaal slegs 23% van die kandidate meer as 50% vir Wiskunde, terwyl 47% van kandidate in Afrikaanse skole meer as 50% behaal.

Die nasionale slaagsyfer van 30% skep 'n wanindruk van die kennis waaroor kandidate wat die eksamen slaag, beskik. 'n Slaagpunt van minder as 50% rus 'n leerder kwalik vir graadstudie toe, veral as in ag geneem word dat Umalusi boonop vanjaar 24 vakke opwaarts aangepas het om meer kandidate te laat slaag.

Nasionale Fisiese wetenskappe prestasie teenoor van Afrikaanse skole

Tabel 17: Nasionale Fisiese wetenskappe prestasie teenoor van Afrikaanse skole

	Nasionaal		Afrikaanse skole	
Jaar	Getal kandidate	Fisiese Wetenskappe slaagsyfer	Getal kandidate	Fisiese Wetenskappe slaagsyfer
2017	179 561	65,1	18 233	78,2
2018	172 319	74,2	15 202	87,3
2019	164 478	75,5	14 989	88,2
2020	174 310	65,8	14 148	83.0
2021	196 968	69,0	13 681	84,8

Die Nasionale slaagsyfer vir Fisiese Wetenskappe vir 2021 is 4.8% hoër as in 2020. Die verbetering kan toegeskryf word aan die feit dat skole in 2021 minder deur COVID-19 inperkings ontwrig is, en beter voorbereid was om ontwrigtings te hanteer. Daar moet ook in gedagte gehou word dat Umalusi 'n

opwaartse aanpassing gemaak het aan die Fisiese Wetenskappe punte, wat 'n rol gespeel het in die hoër slaagsyfer. Afrikaanse skole het seker gemaak dat hul graad 12-leerders voltyds by die skool was en dat die minimum onderrig- en voorbereidingstyd verlore gaan. Hierdie maatreëls het beslis bygedra tot die hoër slaagsyfer.

Afrikaanse skole se slaagsyfer is 15.8% hoër as die nasionale slaagsyfer en 12,7% kandidate in behaal onderskeidings. Afrikaanse skole behaal 1 739 onderskeidings, met ander woorde 25% van die totale onderskeidings in Fisiese Wetenskappe.

Nasionale Lewenswetenskappe prestasie teenoor dié van Afrikaans skole

Tabel 18: Nasionale Lewenswetenskappe prestasie teenoor dié van Afrikaans skole

	Nasionaal		Afrikaanse skole	
Jaar	Getal kandidate	Lewenswetenskappe slaagsyfer	Getal kandidate	Lewenswetenskappe slaagsyfer
2017	318 474	74,4	38 263	82,9
2018	310 041	76,3	33 594	80,1
2019	301 037	72,3	30 689	72,2
2020	319 228	71,0	29 707	69.3
2021	384 216	71,5	29 407	73,9

Lewenswetenskappe word as 'n welvaartskeppende vak gesien, omdat dit toegang verleen tot kwalifikasies wat bydra tot die land se ekonomiese groei en ontwikkeling . Die getal kandidate wat Lewenswetenskappe neem, het vanaf 2020 tot 2021 met 64 988 kandidate gestyg. Daar het 384 216 kandidate die vraestel geskryf en 274 584 het 'n gemiddeld bo 30% behaal. Slegs 7,6% van die totale getal Lewenswetenskappe kandidate is in Afrikaanse skole. Afrikaanse skole vaar uitstekend en 7,6% van die Lewenswetenskappe kandidate behaal onderskeidings, teenoor die nasionale gemiddeld van 3,7%.

Afrikaans Huistaal prestasie

Tabel 19: Prestasie van Afrikaans Huistaal 2018 - 2021

Jaar	**Getal kandidate geskryf**	**Geslaag**	**%**	**Onder-skeidings**	**%**
2018	48 566	46800	96,4%	1 891	3,9%
2019	46 647	44 392	95.1%	2 150	4.6%
2020	44 909	42 853	95,4%	2 702	6,3%
2021	47 337	45 079	95,2%	2 377	5,0%

Die laer prestasie van leerders in Afrikaans Huistaal word deels toegeskryf aan "eksamen-onfiksheid" as gevolg van beperkte onderrigtyd weens COVID. Die volledige kurrikulum moes steeds onderrig word, maar weens minder kontaktyd het onderwysers nie tyd gehad om die omvattende Letterkunde-kurrikulum in diepte met leerders te behandel nie. Dit is nodig dat die fynere nuanses van poësie begryp moet word, alvorens leerders daarin sal presteer. Die rol van bekwame onderwysers in die onderrig van Letterkunde is van kardinale belang. Afrikaans Huistaal, Vraestel 1 (Taal) het vanjaar gekonsentreer op denkvrae en kritiese taalbewustheid en vraestel 3 het 'n wye verskeidenheid skryfonderwerpe voorsien, wat leerders 'n regverdige kans tot kreatiewe denke gebied het.

Tabel 20: Vergelyking van die slaagsyfer in die vyf grootste huistale

2021					
Huistaal	Getal geskryf	Getal geslaag	Persentasie geslaag	Getal onderskeidings	Persentasie onderskeidings
Afrikaans	47 337	45 079	95,2	2 377	5,0
Engels	122 189	113 775	93,1	4053	3,3
IsiZulu	184 543	183 116	99,2	16 041	8,7
IsiXhosa	105 490	105 130	99,7	6067	5,8
Sepedi	81 777	80 474	98,4%	819	1,0%

Die laer slaagsyfer in Afrikaans en Engels Huistaal kan toegeskryf word aan die omvangsryke letterkunde-oeuvre wat deur die huistaalkandidate bestudeer moet word.

Dit is verblydend om te sien dat die Slaagsyfer van al vyf tale hoog is. In die lig van die SOS se visie dat alle leerders onderrig in hulle moedertaal behoort te ontvang, behoort die beleid na ander vakke uitgebrei te word.

Top 20-lyste: Dié skole gee die pas aan

Top 20-vakke met die meeste onderskeidings nasionaal: 2021

Vak	Getal kandidate	Getal onderskeidings	Kandidate per onderskeidings
Lewensoriëntering	721 285	57 240	**7,9**
IsiZulu Huistaal	184 543	15 652	**8,5**
Lewenswetenskappe	384 216	14 308	**3,7**
Besigheidstudies	243 843	13 032	**5,3**
Geskiedenis	227 448	12 849	**5,6**
Wiskundige Geletterdheid	441 067	9 979	**2,3**
Engels Eerste addisionele taal	592 008	8 790	**1,5**
Wiskunde	259 143	7 715	**3,0**
Toerisme	200 921	7 682	**3,8**
Afrikaans Eerste addisionele taal	93 813	7 250	**7,7**
Fisiese Wetenskappe	196 968	6 770	**3,4**
Rekeningkunde	105 894	6 570	**6,2**
IsiXhosa Huistaal	105 490	5 853	**5,5**
IsiZulu Eerste addisionele taal	17 312	5 719	**33,0**
Engels Huistaal	122 189	4 048	**3,3**
Tshivenda Huistaal	21 423	3 152	**14,7**
Afrikaans Huistaal	47 337	2 377	**5,0**
Geografie	358 655	1 909	**0,5**
Ingenieursgrafika en Ontwerp	37 131	1 809	**4,9**
IsiNdebele Huistaal	6 115	1679	**27,5**

Vir die verslag is twee top 20-tabelle opgestel: A-LYS – Skole met die meeste onderskeidings per skool of per vak (groter skole word hier bevoordeel); B-LYS – Skole met die hoogste persentasie onderskeidings per leerder of per vak. Die lyste sluit alle skole wat die NSS in 2021 geskryf het. Afrikaanse skole is in **vetdruk** aangedui. Vakgemiddelde is deurgaans gebaseer op die syfers soos deur die DBO verskaf. Skole met minder as 15 leerders in 'n vak of minder as 50 kandidate in matriek is nie ingesluit nie. Die tabelle van top 20- klein Afrikaanse skole sluit wel hierdie skole in.

A: Top 20-skole met meeste onderskeidings landwyd

No.	Provinsie	Skoolnaam	Getal kandidate geskryf	Getal onderskeidings behaal	
1	Gauteng	**Afrikaanse Hoër Meisieskool**	249	850	
2	Gauteng	**Hoërskool Menlopark**	293	845	
3	Gauteng	**Hoërskool Garsfontein**	368	803	
